Sondag, 12 April 2020

Skriflesing: Matteus 27:62-28:10

Tema: Bang vir die opstanding van Jesus.

VERKONDIGING

Skriflesing

Matteus 27:62-28:10

Die graf word bewaak

Die volgende dag, die dag na die Vrydag, het die priesterhoofde en die Fariseërs by Pilatus gekom en vir hom gesê: “Meneer, ons onthou dat toe daardie bedrieër nog geleef het, hy gesê het: ‘Na drie dae sal ek uit die dood opgewek word.’ Gee dan bevel dat die graf drie dae veilig bewaak word, sodat sy dissipels hom nie dalk kom steel en vir die mense vertel: ‘Hy is uit die dood opgewek’ nie. Dan sal die tweede bedrog erger wees as die eerste.”
Pilatus antwoord hulle: “Hier is vir julle 'n wag; gaan beveilig die graf so goed as julle kan.”
Hulle het toe gegaan en die graf beveilig deur die klip te verseël en die wag daar te laat bly.

Jesus het opgestaan

Na die sabbatdag, toe dit die Sondagmôre begin lig word, het Maria Magdalena en die ander Maria na die graf gaan kyk.
Skielik was daar 'n geweldige aardbewing. 'n Engel van die Here het van die hemel af gekom, na die graf toe gegaan, die klip weggerol en daarop gaan sit. Sy voorkoms was so blink soos weerlig en sy klere so wit soos sneeu. Van skrik vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword.
Toe sê die engel vir die vroue: “Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het. Gaan gou en sê vir sy dissipels: ‘Hy is uit die dood opgewek, en Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien.’ Dit is wat ek vir julle moes sê.”
Hulle het toe haastig van die graf af weggegaan, bang maar baie bly, en hulle het gehardloop om dit aan die dissipels te vertel.
Skielik het Jesus daar voor die vroue gestaan en hulle gegroet. Hulle het nader gekom, sy voete gegryp en Hom aanbid. Toe sê Jesus vir hulle: “Moenie bang wees nie. Gaan sê vir my broers hulle moet na Galilea toe gaan, en daar sal hulle My sien.”

PREEK – (Die wil van God/die wet – Riglyne vir geloofslewe)

Broers en susters in onse Here Jesus Christus:

In hierdie lewe het die realiteite van die lewe ‘n baie groot uitwerking op ons denke, en daarom ook op ons lewens. Dit wat jy glo is waar, beïnvloed jou manier van lewe.

Een emosie wat ons lewens baie keer kan beheer – is vrees – om bang te wees.

Soos met enige emosie, kan vrees, jou in ‘n greep kry. Ons het eintlik die beheer en mag oor ons emosie. Ons kan kies hoe ons gaan reageer op wat ons voel. En dis belangrik, veral vir Christene, om geoefen te raak in die ‘beheer neem’ van jou emosies, sodat jy optimaal kan lewe.

Bang wees, vrees, mag nooit ons oorheers nie. Veral nie, as ek en jy, vanuit ons verhouding met Jesus die lewe leef, nie.

Will Smith sê die volgende in die film – **After Earth** -

*The only place that **fear** can exist is in our thoughts of the future. It is the product of our imagination, causing us to **fear** things that do not at present and may not ever exist. That is near insanity. Now do not misunderstand me, danger is very real, but **fear** is a choice.”*

Gevaar is werklik, en ek glo ons moet versigtig wees en slim voorberei vir wat ook al mag gebeur, maar om vrees te koester, om bang te wees, bring net seer, terwyl ek en jy ons geloof het wat ons sekerheid gee.

Ons vier Jesus se opstanding uit die dood vandag! God het in Jesus Sy Majesteit aan ons gewys en ons saam geneem! Jesus het Donderdag aand, meer as 2 000 jaar gelede, gebid en was bang(ons sien Sy menslikheid daar in die tuin van Getsemane), maar vandag lewe Hy en dit in alle glorie!

Met Jesus se opstanding vind ons baie bang mense. Ons lees van priesterhoofte, Fariseërs en Pilatus. Daar is bang wagte en bang vroue.

1. Bang priesterhoofde, Fariseërs en Pilatus

"Meneer, ons onthou dat toe daardie bedrieër nog geleef het, hy gesê het: 'Na drie dae sal ek uit die dood opgewek word.' Gee dan bevel dat die graf drie dae veilig bewaak word, sodat sy dissipels hom nie dalk kom steel en vir die mense vertel: 'Hy is uit die dood opgewek' nie.

Wat 'n lot bangbroeke!
Hierdie is 'n klasieke voorbeeld van 'bang wees' weens jou eie selfsugtige sake. Die priesterhoofde en Fariseërs onthou wat Jesus gesê het oor Homself. Dat Hy uit die dood gaan opstaan. Die dissipels het so half en half vergeet dat Jesus dit vir hulle ook gesê het. Hierdie Joodse leiers onthou dit, want hulle het iets om oor bang te wees.
Al hulle harde werk en selfvoldaanheid en voorgee, dat hulle so heilig is, en Jesus was 'n bedrieër, kan in duie stort, as Jesus werklik sou opstaan uit die dood. Of, kom ek sê dit soos hulle gesê het - *sodat sy dissipels hom nie dalk kom steel en vir die mense vertel: 'Hy is uit die dood opgewek' nie.*

'n Mens is bang wanneer jy weet jy het droog gemaak en die waarheid kan uitkom. 'n Mens is bang wanneer jy leuens vertel en nou moet jy nog meer jok en jok om die waarheid weg te steek. 'n Mens is bang wanneer jy beheer verloor oor jou mooi uitgewerkte planne en jy rondspartel om verdere plannetjie te maak sodat jy nie heeltemal beheer verloor nie.

Wanneer 'n mens bang is weens selfsugtige redes, het jy iets om oor bang te wees, want in jou gedagtes leef daardie sekerheid dat jy het droog gemaak en enige oomblik kan die waarheid jou van jou troon afskop.

Hier is 'n voorbeeld van hoe die graf van Jesus gelyk het –
Jesus se liggaam is eenkant geplaas sodat Hy eers versorg kon word voordat Hy in die permanente plek geplaas word.

Wat doen hierdie lot bangbroeke?
Hulle maak seker die klip na die graf is toe gerol.
Hulle verseël die graf.
Hulle sit wagte daar om die graf op te pas.

Drie dubbele tou breek nie maklik nie, maar in hierdie geval is dit gemaak met leuens, selfsug, jaloesie – plein weg bose harte wat deur sonde verrot is.

2. Bang wagte

Skielik was daar 'n geweldige aardbewing. 'n Engel van die Here het van die hemel af gekom, na die graf toe gegaan, die klip weggerol en daarop gaan sit. Sy voorkoms was so blink soos weerlig en sy klere so wit soos sneeu. Van skrik vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword.

As ons Here kommunikeer kan Hy dit liggies en vreedsaam en ordentlik doen, maar Hy kan ook duidelik te kenne gee dat Hy besig is om te praat, dan bly jy stil.
En hier tree God se wil in. GEWELDIGE AARDBEWIG en dan ‘n Engel wat van die hemel afkom – die klip weg rol – daarop gaan sit. So rustig. So gemaklik. Maak die graf oop, dat almal kan sien Jesus is weg en gaan sit.
Die soldate se oë het seker in hulle koppe omgedraai. Hulle het gebewe; ek dink die Evangelie skrywer was hulle genadig, want ek dink hulle het hulleself ook nat gemaak. Toe raak hulle soos dooies. As ek dink aan God se almag en Sy majesteit en jy glo nie in Hom nie, dan sal Sy ingrepe jou los soos ‘n dooie.
Ironies, nie waar nie. Die graf is lankal leeg en die Engel wys dit vir hulle – Jesus het uit die dood op gestaan. Hier hou hulle wag voor ‘n leë graf en slaan neer soos dooies. Jesus leef en hulle verlam met leweloosheid.

En dit is wat die waarheid met mense maak. Dit maak mense bang tot in die dood toe. Jesus het self vir ons vertel Hy is die weg, die waarheid en die lewe. Niemand gaan die Vader toe behalwe deur Hom nie.
Die waarheid is, Hy lewe! Die waarheid is – ons kan nie lewe as Hy nie in ons lewens is nie! Die waarheid is, dat as Sy liefde, Sy waarheid, Sy verlossing, nie deel is van ons lewens nie, lyk ons lewens bewusteloos.

Die sekerheid van Jesus se leë graf, neem ons vrees weg. Dit maak sterk vir ons lewens. Ons leef dan soos lewend mense en nie half dood, oorval met met vrees nie.

3. Bang, maar bly vroue

Hulle het toe haastig van die graf af weggegaan, bang maar baie bly, en hulle het gehardloop om dit aan die dissipels te vertel.

Hierdie vroue is wonderlik! Al die manne het weg gehardloop maar hulle is daar by Jesus tot na Sy dood. Wat leer mens hier uit?
Die punt is – na die Engel hulle vertel het dat Jesus leef was hulle bang maar bly.

Ek sou wou vra, het hulle hom geglo?
Ek sou hom geglo het! Hy het nogal met ‘n bang daar verskyn. Dit kan net God wees.
Maar kom ons sê hulle is daar weg met hoop in hulle harte! Bang, maar bly.

Dalk het u gedink, ds. ‘n kan bang word en u reg. Jy sal altyd bang kan word. Dit ‘n emosie wat deel is van ons lewens vir ‘n rede. Dit roep jou tot stilstand. Dit laat jou dink. Dit help jou versigtig wees. Dis deel van die mense se meganismes vir oorlewing.
Daarom was die vrou bang, maar ook bly. U sien hulle het nie in hulle vrees gebly nie. Dit was ‘n oomblik in hulle gedagtes, maar toe word hulle bly. Hulle hoop, dalk hulle sekerheid, dat Jesus lewe, het hulle gehelp om van hulle vrees ontslae te raak!

Dit wat ons herdenk hier vandag. Jesus het vrees in jou lewe kom stil maak en vir jou sekerheid gegee! Hy is in beheer tot in ewigheid in. Kom glo dit! Kom wees dalk bang vir ‘n oomblik, maar wees saam elke gelowige bly, want Jesus leef! Dit vat alle vrees weg!

4. Moet glad nie bang wees nie

Skielik het Jesus daar voor die vroue gestaan en hulle gegroet. Hulle het nader gekom, sy voete gegryp en Hom aanbid. Toe sê Jesus vir hulle: “Moenie bang wees nie. Gaan sê vir my broers hulle moet na Galilea toe gaan, en daar sal hulle My sien.”

Geliefdes, aardse vrees is eintlik so lig in die broek as Jesus teenwoordig is. Ek kry hierdie idee in my kop dat die Joodse leiers en Pilatus hierdie opgeblaasste ballonne is wat dreig om te bars, maar as hulle dit doen dan kelder hulle hulle eie siele.
Jesus hoef nie opgeblaas voor te kom nie. Jesus is maar net. Hy lewe! God wou dit so hê en dit is so.

En Jesus sê vir die vrou – Moenie bang wees nie! Wanneer julle in My vas hardloop, wees gerus, want ek bring rus, vrede en ewigheid!
En weereens dink Jesus aan die swakkelinge – Gaan sê my broer ek kom om hulle weer te sien.
Jesus is nie kwaad dat hulle weg gehardloop het nie, want in die dae wat sou volg sou die dissipels ‘n onbreekbare band ontwikkel met Jesus ons Here en Lewendmaker!

Slot

Geliefdes, ek sluit af –
U kon agter kom dat bang wees ontwikkel soms uit selfsug. Soms as gevolg van nietige aarde onsekerhede. Soms uit die onvermoë om self jou lewe op jou eie te bestuur.
Bang wees is nie noodwendig net sleg nie, maar waar daardie bang wees vandaan kom, maak ‘n verskil.
Hoe oorkom ons bang wees?
Jy oorkom dit met – sekerheid.
Sekerheid, wat bewys is –
Jesus het uit die dood uit opgestaan!
Jesus het kom sê, moet nie bang wees nie.
Jesus het die dood oorwin, sodat ek en jy nou, werklik kan lewe!

Vandag bring ons alle heil en lof aan U, Jesus, ons Here en ons dank U dat u vir ons sekerheid kom gee het, in ruil vir ons ‘vrees’.
Amen